30 November 2020

Beste Ouer

COVID vs. 2021: JAARPROGRAM, ROOSTERS EN SKOOLURE

Aan die einde van 'n ingrypende jaar kyk Die Hoërskool Menlopark dankbaar terug op die akademiese sukses wat ons in die uitdagende Covid-tyd behaal het. Baie dankie vir u onvoorwaardelike ondersteuning en dat u die personeel se visie vir u kind vertrou het.

2021 is om die draai en met hierdie skrywe voorsien ons u graag van inligting ten opsigte van die skoolprogram, -rooster en -ure vir volgende jaar. Soos wat vanjaar die geval was, herinner ons u dat enige van die onderstaande reëlings oornag kan verander aangesien die gesondheid en welstand van die Menlo-gemeenskap ten alle tye voorkeur geniet. Alhoewel die skool onderneem om ontwrigting tot die minimum te probeer beperk, vra ons weereens vir u begrip met ons situasie.

Teen hierdie agtergrond deel ons graag ons visie en planne vir 2021 met u.

1. JAARPROGRAM (BUITEMUURS)

Buitemuurse aktiwiteite word op hierdie stadium beplan asof daar nie 'n Covid-bedreiging is nie en u sal merk dat buitemuurse aktiwiteite volledig in die 2021-Werkplan geskeduleer is. Namate die jaar vorder, sal die wenslikheid van buitemuurse aktiwiteite herevalueer word en indien omstandighede dit vereis, sal aktiwiteite gekanselleer word.

2. SKOOLROOSTER EN SKOOLURE

2.1 Roosteraanpassings

a) In teenstelling met buitemuurse aktiwiteite, word die akademiese rooster met die hoogste inperkingsvlak in gedagte opgestel. Daar sal volgende jaar 'n negedagrooster met 54 periodes gevolg word (ses periodes per dag) en nie 'n sewedagrooster met 56 periodes (8 periodes per dag) soos in die verlede nie.

   'n Negedagrooster plaas die skool in 'n beter posisie om daaglikse skoolbywoning en vakblootstelling te bewerkstellig. Aangesien die skool aan landswette en departementele regulasies onderhewig is, sal beplanning, net soos vanjaar, op 'n weeklikse grondslag hersien en aan leerders gekommunikeer word.

b) Saalopeninge verval en maak plek vir graadopeninge. Besonderhede van waar en wanneer graadopeninge sal plaasvind, sal volgende jaar deurlopend aan die leerders voorsien word. Wees asseblief verseker dat Covid-protokol deurgaans streng gevolg sal word.

c) Die waardeperiode, asook die ekstra periode, word vir 2021 geskrap.

d) Om die aantal leerders per klas so laag as moontlik te hou, sal die hoeveelheid registerklasse van 63 klasse na 72 klasse vermeerder word. Neem asseblief kennis dat die grootte van klasgroepe per vak, as gevolg van leerders se uiteenlopende vakkeuses mag verskil, maar ons sal ons bes doen om wisselende groepgroottes tot die minimum te beperk.

e) Lees- en rekenaargeletterdheidsperiodes vir graad 8- en 9-leerders verval en behoort in 2022 te hervat.

f) Die LO-periode (sport) word 'n LO-Wiskundeperiode. Indien dit gebeur dat sportaktiwiteite nie mag plaasvind nie, sal leerders Wiskunde-onderrig of Wiskunde-inskerping tydens die LO-sportperiodes ontvang.

Die skool se doelwit vir 2021 is (soos vanjaar) om al die leerders daagliks by die skool te verwelkom. Die Menlo-model, wat op klein klasse geskoei is, het ons vanjaar in staat gestel om hierdie doelwit te bereik. Alhoewel ons alles in ons vermoë sal doen om dié sukses volgende jaar te herhaal, mag ons nie die moontlikheid van die model, waar leerders om die beurt skoolgaan, uitskakel nie.

2.2 Roosters en tye

Ten einde voorsiening vir 'n (moontlike) inperking te maak, sal die rooster opgestel word om skielike aanpassings te kan akkommodeer. Leerders sal, soos vanjaar, die komende week se rooster en tye weekliks, op 'n Sondag, ontvang.

Na verwagting sal leerders en personeel in Januarie onder die huidige vlak van inperking na die skool terugkeer. Punt a) is slegs 'n gebeurlikheidsplan indien die inperkingsvlak aangepas word. **Wanneer die skool op 27 Januarie 2021 heropen, is punt b) en c) dus van toepassing**.

a) In die geval van 'n vlak-5-inperking (35 minuut periodes)

Per. 1	Per. 2	Per. 3	Per. 4	Per. 5	Per. 6	Skool verdaag	Toets-periode
07:30	08:15	08:50	09:25	10:00	10:35	11:10	11:30

- Hierdie rooster maak nie vir voogperiodes of pouses voorsiening nie.
- Toetse word aan die einde van die dag geskryf en die lengte van toetsperiodes word deur die duur van vraestelle bepaal.
- Leerders verdaag om 11:10 indien daar nie 'n toets geskeduleer is nie, of indien die toets nie deel van hulle vakpakket is nie.
- Daar is toesig vir leerders wie se ouers hulle eers om 14:00 kan afhaal.

b) Laevlak-/geen inperking (toetsdae: halfuurperiodes)

VOOG	Per. 1	Per. 2	Per. 3	Per. 4	Pouse	Per. 5	Per. 6	Per. 7	Per. 8	Skool verdaag	Toets-periode
07:30	07:45	08:15	08:45	09:15	09:45	10:15	10:45	11:15	11:45	12:15	1 of 2

- Toetsperiode – 1: 12:30 tot 14:00 vir assesserings wat 90 minute duur (gr. 10 – 12).
- Toetsperiode – 2: 13:00 tot 14:00 vir assesserings wat slegs een uur duur (gr. 8 – 12).
- Op toetsdae verdaag die skool vir leerders wat nie toets skryf nie om 12:15.

- Die tyd waarop leerders wat toets skryf verdaag, word deur die duur van die vraestel bepaal.
- Graad 8- en 9-leerders verdaag in die meeste gevalle om 14:00.
- Graad 10- tot 12-leerders verdaag tussen 13:30 en 14:00.
- Daar sal toesig vir leerders wees wie se ouers hulle eers om 14:00 kan afhaal.

c) <u>Laevlak-/geen inperking (nietoetsdae: 44 minuut-periodes)</u>

VOOG	Per. 1	Per. 2	Per. 3	Per. 4	Pouse	Per. 5	Per. 6	Per. 7	Per. 8	Skool verdaag
07:30	07:40	08:24	09:08	9:52	10:36	11:06	11:49	12:32	13:15	14:00

- Op dae waarop daar geen toetse geskeduleer is nie, verdaag die skool om 14:00.

3. AANLYN KLASSE (TEAMS) 2021

- Graad 8-leerders en nuwe leerders ontvang @parkie e-posadresse en wagwoorde aan die begin van 2021. Leerders gebruik hierdie e-posadres vir TEAMS.
- Indien omstandighede dit vereis, sal die skool onmiddellik na die TEAMS-platform oorskakel.
- Ouers word versoek om asseblief tuis vir internettoegang, genoeg papier en ’n basiese drukker voorsiening te maak.
- Internettoegang vir alle leerders is op die skoolterrein beskikbaar.

Die skool vertrou dat ons genoeg ammunisie in die arsenaal het om die uitdagings van 2021 die hoof te bied. Die tyd waarin ons onsself bevind, vereis veerkragtigheid en kreatiwiteit. Die skool rig daarom ’n uitnodiging aan u om ons met voorstelle of navrae te nader – ons luister graag.

Die Hoërskool Menlopark sien met verwagting na 2021 uit.
Die Menlo-span is gereed.

Menlo-groete

NICO ERASMUS
ADJUNKHOOF: AKADEMIE

SCHALK W. REYNDERS
HOOF